

27 April

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-2
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:1, 2

Die opgestane kerk

Jesus is die Visserman van mense. Dat Hy onstuitbaar voortgaan met hierdie werk sien ons in vers 1. Ons lees van gelowiges wat verspreid woon in die provinsies van die destydse wêreld. Ons kan die plekname aanvul soos wat die kerk oor die aarde gegroei het. Die lewende Christus het sy vissersnet deur die Woord en Gees uitgegooi en sy kinders bymekaar gemaak.

Van die gelowiges is die volgende nou waar:

- Hulle is vreemdelinge in die wêreld (vs 1). Hierdie wêreld is nie hulle eintlike tuiste nie, want deur die opstanding is hulle op pad na 'n ander bestemming. Hulle leef uit 'n ander lewensbeginsel wat hulle anders as die wêreld maak.
- Hulle is deur God uitverkies en God het dit alles vooraf so bestem (vs 2). God het besluit dat Hy die nuwe lewe aan hulle sal gee deur die opstanding van Jesus.
- Daarom het die Heilige Gees hulle afgesonder om aan God gehoorsaam te wees. Die Gees wat in hulle woon, laat hulle uit die geestelike dood opstaan en daarom is hulle aan God gehoorsaam. Jesus is Here van hulle hele lewe.
- Dit het alles moontlik geword omdat die offer vir hulle aan die kruis gebring is en hulle besprinkel is met die bloed van Jesus Christus. Jesus se versoeningsoffer laat die opstandingskrag vir hulle los.

Uit die oop graf van Jesus het die kerk saam met Hom opgestaan en jy is deel daarvan!

Sing: Skrifberyming 1-2:1, 2, 3

Ds. Chris Hattingh (Randburg)